

IN DIE VRYSTAATSE HOë HOF, BLOEMFONTEIN

REPUBLIEK VAN SUID AFRIKA

Appèl Nr. 20/2010

In die saak tussen:

JD CILLIERS

Appellant

en

DIE STAAT

Respondent

CORAM:

CILLIé, R *et* BOONZAAIER, WND R

UITSPRAAK:

BOONZAAIER, WND R

AANGEHOOR OP:

19 APRIL 2010

GELEWER OP:

29 APRIL 2010

Boonzaaier Wnd R

- [1] Hierdie appèl het 'n ongelukkige aanloop wat dit nodig maak om uiteen te sit, alvorens met die meriete van die appèl gehandel word. Die appellant is na sy vroeëre skuldigbevindings aan die klagtes waarmee hierin later meer volledig gehandel sal word op 17 September 2007

gevonnis tot termyne van gevangenisstraf. Sy aansoek om verlof tot appèl is op dieselfde datum deur die streeklanddros aangehoor. Dit was deels suksesvol deurdat verlof om teen die opgelegde vonnis te appelleer aan hom verleen is. Verlof om teen die skuldigbevindings te appelleer is egter geweier. Borg is aan die appellant toegestaan hangende die appèl teen vonnis. Die appellant se appèl teen die opgelegde vonnis was ter rolle geplaas vir verhoor op 25 Augustus 2008. Intussen het die appellant egter 'n petisie ingevolge Artikel 309(C) van Wet 51 van 1977 na hierdie hof gerig vir verlof om ook teen die skuldigbevindings te appelleer. Daardie petisie is op 12 Augustus 2008 geweier. By ooreenkoms tussen die staat en die appellant is die appèl wat vir 25 Augustus 2008 ter rolle geplaas was per kennisgewing aan die griffier gedateer 20 Augustus 2008 van die rol verwyder. Wat die rede daarvoor was, is nie aan die hof bekend gemaak nie. Daarna is die appèl weer ter rolle geplaas vir aanhoring op 22 Februarie 2010. 'n Skynbaar informele reëling tussen die appellant en die staat het daartoe gelei dat die Regters wat die appèl sou aanhoor op 15 Februarie 2010 mondeling meegedeel is dat die appèl uitgestel sou word.

Die appellant en die staat is toe in kennis gestel deur die voorsittende Regter dat betoog voorgelê moet word waarom die appèl weer eens uitgestel moes word. Die appellant het daarop 'n formele aansoek om uitstel liasseer ondersteun deur 'n eedsverklaring. Daarin is aangedui dat die appellant 'n aansoek om heropening van die saak oorweeg gebaseer op inligting dat die klaagsters onlangs te kenne sou gegee het dat hulle tydens die verhoor valse getuienis teen die appellant afgelê het. Die appèl is met die oog hierop toe uitgestel na 19 April 2010 nadat spesiale reëlins getref is dat die appèl uit die gewone volgorde van appèlle aangehoor kan word.

- [2] Tydens die aanhoor van die appèl op 19 April 2010 het niks van hierdie beoogde aansoek om heropening te berde gekom nie. Dit alles hou in dat 'n doodgewone appèl teen 'n vonnis wat al op 17 September 2007 opgelê was meer as 2½ jaar later eers op appèl oorweeg kon word. Dit is onbevredigend. Die appellant was weliswaar intussen op borg. Die breë publiek en veral die klaagsters het egter ook 'n belang in die finalisering van die hele

aangeleentheid. Diesulkes begryp nie hoe dit moontlik is dat gevonnisd misdadigers jare na vonnisoplegging steeds vry in die samelewing rondbeweeg nie. Die staat en regspraktisyns het beide 'n verantwoordelikheid om mee te werk tot die spoedige afhandeling van strafsake, appèlle ingesluit. Niks ondermyn die vertroue van die algemene publiek in die effektiwiteit van die regspleging meer as 'n gesloer in die finalisering van strafsake nie.

- [3] Met hierdie inleiding word daar nou oorgegaan tot oorweging van die appèl teen die vonnis self.

Die Appellant, 'n 37 jarige man, het in die Streekhof, Welkom tereggestaan op 12 klagtes van oortredings van Wet 23 van 1957 (die ou Ontugwet).

- [4] Hy is as volg skuldig bevind en gevonnisd op agt klagtes:

Aanklag 2:

Klaagster **Mariëtte** (14 jaar) 2003:

Onsedelike aanranding: borste betas: vyftien maande gevangenisstraf;

Aanklag 3 :

Klaagster **Mariëtte** (14 jaar) 2003:

Onsedelike aanranding: kyk in damesbroekie na privaatdele:
vyftien maande gevangenisstraf.

Aanklag 5:

Klaagster **Mariëtte** (14 jaar) 2004:

Artikel 14(1)(b) Wet 23 van 1957 (pleging van onsedelike daad met meisie onder die ouderdom van 16 jaar): druk vinger in privaatdeel, vryf buitekant van privaatdeel en smeer baba-olie oor boude: twaalf maande gevangenisstraf.

Aanklag 6 :

Klaagster **Suretha** (13 jaar) 1997:

Artikel 14 (1)(c) Wet 23e van 1957 (meisie onder ouderdom van 16 jaar uitlok om 'n onsedelike daad te pleeg): haar aansê om haar klere uit te trek en na haar naakte liggaam te kyk: agt maande gevangenisstraf.

Aanklag 7:

Klaagster **Surertha** (14 jaar) 1998:

Artikel 14(1)(a) Wet 23 van 1957 (gemeenskap met meisie onder die ouderdom van 16 jaar): twee en veertig maande gevangenisstraf waarvan twaalf maande opgeskort .

Aanklag 8:

Klaagster **Suretha** (14 jaar) 1998:

Artikel 14(1)(a) Wet 23 van 1957 (gemeenskap met meisie onder 16 jaar): twee en veertig maande gevangenisstraf waarvan twaalf maande opgeskort.

Aanklag 9:

Klaagster **Suretha** (14 jaar) 1998/99: Artikel 14(1)(a) Wet 23 van 1957(gemeenskap met meisie onder 16 jaar): twee en veertig maande gevangenisstraf waarvan twaalf maande opgeskort.

Aanklag 10:

Klaagster **Suretha** (14 jaar) 1998 :

Artikel 14 (1)(b) Wet 23 van 1957 (onsedelike daad met meisie onder die ouderdom van 16 jaar): borste betas: twaalf maande gevangenisstraf.

Die streeklanddros het gelas dat die onopgeskorte gedeeltes van die vonnisse ten aansien van klagtes 7, 8 en 9 opgelê met die ander vonnisse opgelê sal saamloop sodat die effektiewe vonnis, in totaal een van agt en 'n half (8½) jaar gevangenisstraf is.

- [5] Appellant het op al die klagtes teen hom onskuldig gepleit, en was sy verweer dié van 'n algehele ontkenning.

- [6] Die beginsels wat 'n hof van appèl in ag moet neem by 'n appèl teen vonnis is as volg omskryf in **S v KIBIDO** 1998(2) SASV 213 (SCA) op 216 g – j:

“Now, it is trite law that the determination of a sentence in a criminal matter is pre-eminently a matter for the discretion of the trial court. In the exercise of this function the trial court has a wide discretion in (a) deciding which factors should be allowed to influence the court in determining the measure of punishment and (b) in determining the value to attach to each factor taken into account. A failure to take certain factors into account, or an improper determination of the value of such factors amounts to a misdirection, but only when the dictates of justice carry clear conviction that an error has been committed in this regard. Furthermore, a mere misdirection as not by itself sufficient to entitle a Court of Appeal to interfere with the sentence, it must be of such a nature, degree or seriousness that it shows, directly or inferentially, that the Court did not exercise its discretion at all or exercise it improperly or unreasonably.”

- [7] Appellant se gronde van appèl berus uitsluitlik daarop dat die vonnisse opgelê onvanpas swaar in die omstandighede

was. Daar is nie op enige beweerde mistasting gesteun nie.

[8] In betoog het die advokaat vir die appellant aan die hof voorgehou dat:

8.1. die gebeure met die klaagsters se toestemmings geskied het;

8.2 die klaagsters ten tyde van die voorvalle nie onskuldige tienermeisies was nie. (Inaggenome hul rook, drink en saamslaapgewoontes);

8.3 appellant nooit aggressief teenoor die klaagsters opgetree het nie.

Op hierdie basis is dan betoog dat die opgelegde vonnisse skokkend swaar en onvanpas was dermate dat dit ingryping noodsaak.

[9]

9.1 Daar is by blaamwaardigheid 'n verskil tussen situasies waar vrye toestemming gegee is en waar "gemanipuleerde toestemming" verkry is.

9.2 Uit die getuienis is dit duidelik dat die appellant as hul stiefvader in 'n vertrouensverhouding met die klaagsters was. Hulle was tienermeisies wat in hul puberteit en seksuele ontluiking blootgestel was aan 'n stiefpa wat hulle slinks gemanipuleer het. Dit blyk uit die getuienis dat hulle oor 'n lang tydperk hom met "seksuele gunsies" moes vergoed wanneer hulle toestemming wou hê as hulle met hul maats en kêrels wou uitgaan. Die laakbaarheid hiervan kan nouliks oorbeklemtoon word.

[10] By die oorweging van 'n gepaste vonnis het die Verhoorhof hom laat lei deur die vereistes by vonnisoplegging naamlik dat:

- a) dit die misdadiger sowel as die misdryf moet pas;
- b) dit regverdig teenoor die gemeenskap moet wees;
- c) die omstandighede van die misdryf inaggeneem moet word; en
- d) die vonnis met 'n mate van genade getemper moet word.

Die vraag is of die verhoorlanddros 'n balans gevind het ten aansien van die gewig wat hy verleen het aan elkeen van die onderskeie elemente. Alhoewel hierdie vonnis as afskrikking moet dien, blyk dit uit die uitspraak dat die verhoorlanddros nie die erns van die misdryf oorbeklemtoon het nie.

[11] Daar is nie fout te vind met die verhoorlanddros se siening dat in sekere gevalle gevangenisstraf vir eerste oortreders die enigste gepaste straf is nie. Die verhoorlanddros het hier tereg 'n onderskeid getref tussen 'n eerste oortreder wat 'n enkele misdaad pleeg en "die tweede soort eerste oortreder" te wete 'n persoon wat herhaaldelik 'n misdryf pleeg en dan vir die eerste keer betrap word.

[12] Die verhoorlanddros het die feit dat die appellant nie berou het nie en volhard het met sy ontkenning inaggeneem. Die vraag is ook ondersoek of korrektiewe toesig nie 'n gepaste vonnisopsie sou wees nie. Namens appellant is dit ook in betoog so bepleit.

[13] Korrektiewe toesig in terme van Artikel 276(1)(b) van Wet 51 van 1977 blyk volgens die strafbepaling in artikel 22 van die

Wet op Seksuele misdrywe No. 23 van 1957 ten opsigte van artikel 14(1) misdrywe nie toelaatbaar te wees nie. Gemelde artikel bepaal naamlik dat vir oortredings in Artikel 14(1) vermeld, gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses jaar met of sonder 'n boete opgelê moet word.

[14] Hierdie tipe oortredings het juis aanleiding gegee daartoe dat die Wet op Seksuele Misdrywe No. 32 van 2007 hedendaags veel swaarder strawwe voorskryf. Die nuwe wet het ten doel om veral kinders en vrouens wat besonder kwesbaar is te beskerm. Die kritiek was juis dat die vorige wetgewing in hierdie verband onvoldoende was. Dit dui daarop hoe ernstig die Wetgewer hierdie tipe misdrywe hedendaags beskou.

[15] Verswarend moet gemeld word soos namens die staat betoog dat die klaagsters in dié geval se emosionele trauma nog nie opgehou het nie. Nie net is hulle deur hul puberteitsjare ontnem van die vertrouwe en koestering van hul biologiese moeder nie, maar duur die wantroue en seer tot vandag toe voort. Die klaagster, Suretha is nou getroud. Sy maak egter in haar getuienis melding van haar

maagdelikheid wat deur appellant, haar ontnem was, en hoe haar man haar emosioneel moet bystaan wanneer sy, sy toenadering verwerp.

[16] Mnr. Loubser namens die appellant het my, alles in aggenome, nie oortuig dat die appellant te swaar gestraf is nie. Die bevel tot samelopendheid soos beveel deur die landdros is egter moeilik verstaanbaar. Dit sou tog verwag word dat die mindere vonnisse se tydperke gelas sou word om samelopend uitgedien te word met die langer tydperke van gevangenisstraf. Die versuim hierin is 'n mistasting. In die geval vind ek dit dan doelmatig om wel die vonnis te verander, sodat dit so uitgedien sal word. Die vonnistydperke is in orde, maar daar behoort gelas te word dat die gevangenisstraf opgelê vir klagtes 2,3,5,6 en 10 samelopend uitgedien kan word met die gevangenisstraf op klagtes 7, 8 en 9 opgelê. Die appellant sal dan effektief sewe en 'n half ($7\frac{1}{2}$) jaar gevangenisstraf uitdien.

[17] Bygevolg word die opgelegde vonnisse bekragtig maar dit word gelas dat die vonnisse opgelê op klagtes 2,3,5,6,en 10 samelopend uitgedien kan word met die vonnisse opgelê op

klagtes 7,8,en 9, sodat die appellant effektief sewe en 'n half
(7½) jaar gevangenisstraf moet uitdien.

A.

S.
BOONZAAIER,WND R

Ek stem saam.

C. B. CILLIé